

Die plek van die sakramente.

Teks: 1 Korinthiërs 11: 17 -26 & Sondag 25
Teksvers: 1 Korinthiërs 11: 24 & 25

1. Inleiding

Ons weet hoe belangrik die woord vir die geloof is. Ons weet dat die woord die saad is waaruit die geloof groei. Om die boodskap van die Woord op te som kan ons na die Evangelie verwys. Die evangelie is die goeie nuus van ons verlossingswerk wat deur Jesus Christus volbring is. Daarom weet ons dat by die aanhoor van hierdie evangelie werk die Heilige Gees in die hart van die uitverkorenes. Dan kom hulle tot 'n ware geloof en word gered.

Maar die evangelie het nie net 'n doel vir die redding van ongelowiges nie. Ook vir ons as wedergebore Christene het die evangelie 'n funksie. Daarom word die week na week verkondig hier in die kerk. Dit herinner eerstens vir ons aan die grootheid van ons redding uit ons sondige verlede en natuur. Maar dit voed en versterk ons ook vir die uitdagings wat voorlê wanneer ons weer uit mekaar gaan weg van die gemeenskap van die gelowiges af. Daarom moet elke preek ook definitiewe fokus op Christus en sy verlossingswerk hê.

Maar die genade wat ons ontvang in Jesus Christus is steeds groter as dit. Daarom wanneer ons na Sondag 25 kyk sien ons dat die prediking van die woord nie die enigste werkmiddel van die geloof is nie. Daar is ook nog die sakramente. Die sakramente en hulle doel en werk is iets wat wyd verskil wanneer daar na verskillende geloofsbenaderings gekyk word. Ons as gereformeerdes erken slegs die twee sakramente wat deur Jesus Christus ingestel is, naamlik die doop en die nagmaal. Ons gaan vanoggend meer op die sakrament van die nagmaal fokus om die rol van sakramente in ons geloofslewens te bestudeer.

2. Wat is 'n sakrament?

Die woord sakrament is 'n vreemde term wat ons nie meer vandag in ons algemene lewens gebruik nie. Die woord sakrament is afkomstig van die woord sacramentum in latyns. Dit is op sy beurt weer 'n vertaling van die griekse woord musterion. Dit word in ons afrikaanse

Bybels vertaal met geheimenis of verborgenheid. Dit tref ons aan in efesiërs 5 vers 31 waar die een word van man en vrou vergelyk word met die verhouding tussen Christus en sy kerk. Dit is die fyner werking van hierdie verhouding wat vir Paulus 'n misterie is.

Tog kan die fout nou maklik gemaak word om die sakrament self as iets misteries te sien. Daarom word daar dikwels verkeerdlik verskeie magiese kragte aan die sakramente verbind. Maar dit is nie die doel van die sakrament soos ons dit bedien en gebruik hier in die Kerk van die Here nie. Wat die sakrament is, word vir ons duidelik gemaak in die antwoord op vraag 66 van die Heidelbergse Kategismus. Die sakrament is die heilige teken en seëls. Die sakrament in homself het geen reddende krag of magiese uitwerking nie. Daarom is die sakrament bloot gewone water, wyn en brood. Maar dit waarheen die sakrament wys is die misterie. Hoe God in 'n verhouding kan staan met 'n sondaar mens soos ons. Hoe God ons so lief gehad het dat Hy Sy eniggebore seun opgeoffer het om ons te red.

Maar hierdie tekens en seëls gee God in sy genade aan ons as mense wat so maklik twyfel. Sodat ons geloof versterk en gevoed kan word daardeur. Die sakrament is juis daarom ook nie iets snaaks of besonders wat die fisiese middele betref nie. Ons het gewone water by doop wat op die afwassing van sondes dui. En ons het gewone brood en wyn wat op die onderhoud van die lewe dui.

2. Waar kom die sakrament vandaan?

Maar wie het besluit op die sakrament. Ons gereformeerde is antwoord hierop is kort en eenvoudig. God het besluit op die sakrament. Dit is nie iets wat die mens self uitgedink en verfyn het nie. Hiervan getuig ons teksvers duidelik. Nadat Paulus ongerymdhede uit die weg ruim wat tydens gemeente samekomste plaasgevind het, onderrig hy die mense in Korinthiërs. En in die begin van vers 23 maak

Paulus dit baie duidelik dat dit wat hy volgende gaan sê nie van homself kom nie. Daarom sê hy “Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het”.

Dan maak Paulus die bekende instellings woorde van die Here aan ons bekend. Iets wat belangrik is, is die feit dat Jesus die gewone brood wat hulle vir aandete sou nuttig gebruik om die nagmaal in te stel. Dieselfde ook met die wyn. Die brood en die wyn verander ook nie in substans wanneer die Here dit breek en die woorde daarvoor uitspreek nie. Dit is trouens nie nodig nie, want die sakrament is net die teken en seël op iets wat in die geheimenis binne ’n mens gebeur. Dat die Gees na die aanhoor van die evangelie die wedergeboorte binne iemand werk.

Die is oor hierdie werking van die wedergeboorte deur die Heilige Gees dat Jesus vir Nikodemus in Johannes 3 vers 8 sê “⁸Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.”

Daarom soos Jesus self sê is die brood die teken wat dui op sy liggaam wat gebreek is vir die versoening van ons sondes. En die bloed die seël wat dui op die nuwe verbond. Net soos die nagmaal het Jesus ook die doop ingestel voor hy opvaar na die hemel in Matteus 28. Daarom is die doop en die nagmaal die enigste twee sakrament wat ons as kerk erken en bedien.

3. Die verskille en ooreenkomste tussen die Woord en Sakrament

Ons kan nou maklik dink dat omdat die Woord en die sakrament so nou verbind word, dat dit op presies dieselfde manier die geloof in mense werk. Maar dit is nie waar nie. Daar is verskille tussen die Woord en Sakrament. Eerstens is daar ’n verskil in hoe ons dit waarneem deur ons menslike sintuie. Die woord word gehoor terwyl die sakrament gesien word. Tweedens werk die Woord geloof terwyl die sakrament bloot geloof versterk. Iets wat nie daar is nie kan nie versterk word nie. Daarom is die gebruik van die sakrament sonder geloof nutteloos. Dit is self skadelik vir ’n persoon, soos wat ons bely oor die nagmaal 1 in 1 Korinthiërs 11:29. Daarom is die Woord ook onmisbaar vir die geloof. Maar die sakrament is nie onmisbaar nie. Die Woord

Eerste Preek

moet uitgaan na alle mense. Maar die sakrament moet slegs deur gelowiges gebruik word. Soos wat ons in 1 Korinthiërs 11 vers 29 dit stel.

Tog is daar nie net verskille nie omdat beide met die geloof binne die gelowiges te doen het is daar ook ooreenkomste. Eerstens is albei ingestel en afkomstig van God. Tweedens kan albei hierdie middele deur gewone menslike sintuie waargeneem en ervaar word. Op hierdie manier buig God in sy grootheid af om met ons sondige mense in ’n verhouding te staan. Soos ons reeds gesê het moet die woord uitgaan. Maar ons tref beide die woord en die sakrament aan in die kerk van die Here.

Omdat hierdie twee genade middele se verbind is, is dit ook belangrik hoe die kerk dit bedien. Omdat die sakrament net die geloof versterk en nie plant nie, kan die sakrament nie sonder woordverkondiging plaasvind nie. Daarom bedien die kerk die sakrament onder die erediens saam met die woordverkondiging.

4. Slot

Een van die merktekens van die ware kerk is die suiwer bediening van die sakrament soos wat ons dit lees in Artikel 29 van die Nederlandse geloofsbelydenis. Daarom is dit baie belangrik dat ons as kerk die sakrament en die plek wat dit in ons geloof inneem reg verstaan. Ons het gesien dat die geloof deur die Heilige Gees in ’n persoon gewerk word wanneer hy of sy die evangelie hoor.

Heirdie geloof word dan versterk deur die sakramente. Die sakramente is nie nodig soos wat die verkondiging van die Woord nodig is vir geloof nie. Maar die sakramente word deur God in genade aan ons gegee om die geloof te versterk.

Die sakrament is ook nie ’n misterieuse ritueel met magiese krag nie. God neem gewone alledaagse voorwerpe waarmee mense bekend is. Op hierdie manier verseker God ons van sy nabyheid. Omdat God alomteenwoordig is, is Hy ook teenwoordig by die nagmaal tafel. En net soos wat God ons fisiese lewens onderhou met die fisiese middele van die brood en wyn. Net so onderhou Hy ook ons geestelik lewens met die Heilige Gees. En net soos wat ons fisiese liggeme gereinig word deur water, so word ons ook geestelik gereinig deur die doop

Amen.

